

Maandag

Mark. 10: 32 – 45 45; Mat. 3: 13 – 17; 28: 16 – 20 Teks: Mark. 10: 39 b “... en die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word.” Tema: 'Ons word in die NAAM van Jesus, NIE SOOS Jesus gedoop nie.' Ons doop babas in die Naam van Jesus, nie soos Jesus nie. Op Pinksterdag stel Petrus dat elkeen in die Naam van Jesus gedoop moet word. (Hand. 2: 38) Die Here self verklaar in Mat. 28 hoe in sy Naam gedoop moet word: “Doopt hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.” Die doop in die Naam van Jesus is altyd in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Jesus en ons word nie op dieselfde wyse gedoop nie. Tussen Sy doop en ons doop is daar wesenlike verskille:

- * Jesus was nooit gedoop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees nie. Die rede daarvoor is eenvoudig. Jy kan nie met water in jou eie naam gedoop word nie. Ons kan nie 'n baba of volwassene in sy/haar/hulle eie naam doop nie. Ons doop elkeen in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

- * Jesus het Homself as Drie-enige God by sy doop openbaar - nie in sy eie Naam laat doop nie. Jesus is die Seun van die Vader en Hy gee die Heilige Gees en daarom kan Hy nie in sy eie naam met water gedoop word nie.

- * As ons 'n persoon met water doop gaan daar nie soos met Jesus se doop 'n stem uit die hemel kom wat sê: “Dit is my geliefde seun of dogter oor wie Ek my verheug” nie, en gaan die hemel ook nie oopgaan en die Gees van God op die een wie gedoop word soos 'n duif op haar neerdaal nie.

- * Ons word ook nie deur Johannes die Doper in die Jordaanrivier met Jordaan-water gedoop nie, maar in kerke deur dominees met water uit krane en boorgate.

- * Ons doop ook nie persone eers as hul dertig jaar oud is soos Jesus nie.

Só: ons doop nie mense sóos Jesus met water gedoop is nie, maar ons doop mense met water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Mark. 10: 32 – 45 45; Mat. 3: 13 – 17; 28: 16 – 20 Teks: Mark. 10: 39 b “... en die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word.” Tema: 'Ons word in die NAAM van Jesus, NIE SOOS Jesus gedoop nie.'

Neem kennis:

- * Die dissipels was NOOIT met water in die Naam van Jesus deur Johannes die Doper gedoop nie.

- * Hulle het NOOIT voor sy opstanding uit die dood in Jesus se lyding, kruisiging, sterwe en opstanding uit die dood geglo nie. Toe hulle op Paasondagaand só tot geloof in hom gekom het, is hulle nie toe weer oorgedoop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees nie.

- * Die dissipels het NOOIT 'n geloofsdoopt gehad na hulle in Christus se lyding en opstanding tot geloof gekom het nie. Hulle was nooit só met water gedoop gewees nie. Wanneer Christus hulle vra of hulle met die doop gedoop kan word, verwys Jesus volgens Mark. 10: 33 en 34 na sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding as mens uit die dood uit. Die Here noem hiërdie werk wat Hy doen “SY DOOP”. Dit is

nie sommer net simboliese taal nie. Die Here openbaar daarmee wat beteken sý doop met water deur Johannes die Doper. Dit sien ons in Mat. 3. Jesus sê vir Johannes die Doper om Hom met water te doop. Johannes wil nie en weier eers. Dan gee die Here vir Johannes die rede vir wáárom Hy Hom met water moet doop. Deur Jesus se doop met water wys Jesus dat dit die wyse is waarop Hy as Christus alle geregtigheid vir sondaars gaan vervul. Dit beteken dat Hy sondaars en hulle lewe vir God gaan regmaak, deur dit wat Hy met sý doop in water begin doen. Niemand anders was deur Johannes die Doper soos Jesus gedoop nie:

* Die ander mense wat hy met water gedoop het, het terwyl hy hulle gedoop het, hulle sondes bely. (Mat. 3: 6) Johannes self het gesê dat die rede hoekom hy mense doop is met die oog op bekering. (Mat. 3: 11) Jesus het geen sonde bely terwyl Johannes Hom gedoop het nie en Jesus is ook nie gedoop met die oog op sy bekering nie. Jesus is glad nie soos ander mense met water (as afwassing van sonde) gedoop nie. Sý doop was 'n ampsdoop. Hy moet die "doop" van die Christus deur-worstel totdat hy deur sy lyding, sterwe én opstanding die volle amps"doop" vervul het as die Christus. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Mark. 10: 32 – 45 45; Mat. 3: 13 – 17; 28: 16 – 20 Teks: Mark. 10: 39 b "... en die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word." Tema: "Ons word in die Naam van Jesus - nie soos Jesus gedoop nie." Hoe is Jesus anders as alle ander mense voor en na Hom gedoop? Kom ons gebruik 'n beeld van hoe Jesus in die water gaan staan in ons plek ons sondes op Hom neem om ons reg te maak vir God. Die doop is 'n teken van die afwassing van sondes. So! Al die mense kom na die Jordaan rivier en ontvang met die water wat hulle mee skoon gemaak word 'n teken dat hulle sondes afgewas is. Nou kom Jesus maar Hy het nie sondes wat afgewas kán word nie. So, sy doop kan nie 'n teken wees dat sý sondes afgewas word nie. Nou hoekom laat hy hom doop? Nou maak ons van die water 'n voorbeeld! Waar is al die vuilheid van al die sondes van al die mense wie se sondes afgewas is? Dit is nou (simbolies) in die Jordaanrivier. Nou is die Jordaanrivier vol vuil sonde water. Wat doen Jesus nou? Nou gaan staan Hy in hierdie water vol sondes en word mét hierdie water vol sondes gedoop. Hy word vuil met al die sonde-water omdat al die sondaars se sondes met húl doop afgewas is. Met hierdie voorbeeld moet jy weer die Here se woorde hoor: Hy word gedoop om al die sondes van sondaars óp Hom te néém sodat hulle doop kan wys hulle is skoongewas van al hul sonde – só vervul hy alle geregtigheid. Deur gedoop te word met water en só self sondaar vir sondaars en hulle sonde te word, máák Jesus Homself die Christus wat sondaars met die Heilige Gees doop - en nie iemand wat tot bekering kom of gekom het of gaan kom nie. (Mat. 3: 11) Soos Jesus só gedoop is, wás niemand nog nooit gedoop nie en sál niemand ooit gedoop word nie.

Mense word nie soos Jesus gedoop nie:

* Geen mens word gedoop omdat hy/sy deur die doop 'n sondaar in ander sondaars se plek word nie. Maar Jesus Christus doen dit.

- * Geen mens word gedoop omdat dit die begin van hulle geestelike werk vir sondaars is nie. Maar Jesus Christus doen dit.
- * Geen mens word gedoop omdat hulle ander mense met die Heilige Gees gaan doop nie. Maar Jesus Christus doen dit. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Mark. 10: 32 – 45 45; Mat. 3: 13 – 17; 28: 16 – 20 Teks: Mark. 10: 39b "... en die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word." Tema: 'Ons word in die NAAM van Jesus - NIE SOOS Jesus gedoop nie.' Jesus vra vir sy dissipels: "Kan julle met die doop gedoop word waarmee Ek gedoop word? Hulle antwoord moes duidelik "nee" gewees het. Volgens ons voorbeeld hiervan is die vraag: "Kan julle soos ek met die vuil water waarmee Ek julle vuilheid afgewas het en skoon gewas het, vuil gemaak word?" Hulle kon dit en het dit nie misverstaan nie. Hulle weet dat Jesus vir hulle vra of hulle soos Hy kan ly, sterf en opstaan. (Mark 10: 32- 34) Maar die verskriklike wangedloof in hulle antwoord is: "Ons kan! Ons kán met die doop gedoop word waarmee die Here Jesus gedoop is!" Hulle antwoord beteken dat hulle meen hulle vir God gaan ly, sterf en opstaan om God se mag en krag te kry, te vestig en uit te brei – "Ons kán ook só, soos Jesus gedoop word!"

Dit is presies wat al hoe meer in die Christelike kerke wêreldwyd gebeur. Hulle sê vir die Here Jesus Christus met hulle doop met water: "Ons kán!"

Dit word wêreldwyd op presies een en dieselfde manier gesê:

- * Jy moet jouself voor die oordeel van God stel
- * en die lyding ervaar van jou eie verlorenheid,
- * jy moet aanvaar jy is verlore vir God;
- * dan moet jy soos Jesus jou eie-ek en jou eie lewe kruisig,
- * dan moet jy eie-ek, jou eie wil, jou eie-belange en eie-ek in jouself doodmaak; Jy moet dus in jouself sterf soos Jesus. En wanneer jy dít gedoen het, sal God se goddelike krag, mag en lewe in jou inkom en sal jy nie meer leef nie, maar God sal sy lewe deur jou leef. En dan moet jy met water soos Jesus gedoop word om te wys jy is met diéselvfde geestelike doop gedoop waarmee Jesus gedoop is. Dit is wat mense vandag met hulle grootdoop met water vir Jesus wil sê en bevestig: "Ons kán! Ons kan met jou doop gedoop word!" Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Mark. 10: 32 – 45 45; Mat. 3: 13 – 17; 28: 16 – 20 Teks: Mark. 10: 39b "... en die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word." Tema: 'Ons word in die NAAM van JESUS - NIE SOOS Jesus gedoop nie.' Ons word met water gedoop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees om te bevestig, ons behoort nie aan ons sondes nie, maar aan die sy Vader; ons doen nie wat die Seun doen nie, maar Hy laat ons deel in wat Hy in ons plek vir ons doen en ons word in die Naam van die Heilige Gees gedoop, omdat Hy ons deur sy Gees insluit in al sy verbondsbeloftes - nié om deel van die krag en mag van God se Gees te wees nie.

Babas kan vandag soos die dissipels toe verklaar: “Ek kan nie” of “Ek het nie.” Hulle het nog nooit sulke geestelike goed gedoen soos mense wat glo hulle kan soos Jesus gedoop word nie. nie. Dit diskwalifiseer hulle glad nie om nie met water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees gedoop te mag word nie. Intendeel! Hulle mag nie sê: “Ek kan nie.” Want ons doop hulle nié sóós Jesus gedoop is en ons doop hulle nié mét Jesus se doop nie! Ons doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, want Jesus het hulle losgekoop om God se dienaar en slaaf te wees en nie sonde se dienaar en slaaf te wees nie: losgekoop van alle skuld en begeertes op so ’n wyse dat hulle nooit weer aan hulle sonde kan behoort nie. Hulle doop wys al hulle sonde is afgewas met Jesus se "doop" in sy lyding, kruisiging, dood en opstanding, waarin Hý ingedoop is sonder dat hulle self so iets moet doen. Babas se doop wys die Heilige Gees gaan hulle lei met God die Vader se seëninge en nie met wette en regulasies hoe om soos Jesus te ly en te sterf nie. Niemand mag kinders hiervan verhinder met ’n sondige grootmens-houding: “Julle moet ook eers soos ons kan sê: “Ons kan soos Jesus en moet soos Jesus gedoop word” nie. Nee: ons doop hulle in die Naam van die Vader, Seun en die Gees omdat nie ons of hulle kan sê: “Ons kan soos Jesus gedoop word” nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Saterdag ekstra

Mark. 10: 32 – 45 45; Mat. 3: 13 – 17; 28: 16 – 20 Teks: Mark. 10: 39b “... en die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word.” Tema: 'Ons word in die Naam van Jesus - nie soos Jesus gedoop nie.' Ons doop babas van gelowige ouers met die oog op hulle bekerings! Dit is hoe Johannes die dooper die doop met water se betekenis verduidelik in Mat. 3: 11 volgens die Nuwe Direkte Afrikaanse Vertaling. “Ek doop julle wel met water met die oog op bekering ... Hy sal julle met die Heilige Gees en vuur doop! Babas se doop en al hulle bekerings vir die res van hulle lewe moet altyd deel van mekaar wees! Hoe?

Hulle doop wys hulle

* God die Vader is hulle Vader en hulle leef in sy liefde (Ek doop jou in die Naam van die Vader) ;

* dat hulle sondes Jesus s'n is en al sý gehoorsaamheid aan God se wet is hulle s'n. Daarom is hulle, al doen hulle sondes, altyd vir die Here reg, goed, heilig, rein, onberispelik en sonder smet. (Ek doop jou in die Naam van die Seun);

* die Heilige Gees lei hulle met die seëninge van God se verbond en nie met die gebooie van die wet nie. (Ek doop jou in die Naam van die Heilige Gees);

As dit is wat hulle doop met water vir hulle, hulle hele lewe lank gaan wys, dan kan hulle elke dag vrymoedig tot bekering kom in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Hierdie bekering is die bekering van ’n dienaar en slaaf van God - nié ’n baasspeel-bekering nie. Hierdie dienaarbekering is bekering volgens God se wet. Ons bely ons sonde volgens God se wet as sonde, ons glo dit nie goed nie; Ons het berou oor ons sonde en is nie net jammer oor die skuld en verleentheid van ons sonde nie; ons stop dit wat God vir ons deur sy wet sê is verkeerd en ons verbind ons self elke keer met ons hele hart, siel, verstand en al ons kragte om te doen wat

Hy in sy wet vir ons sê. Babas se doop bevestig vir hulle elke dag dat hulle, hulle sondes bely teenoor

* 'n liefdevolle Vader,

* die Seun wie hulle reg gemaak het

* en die Gees wat hulle nie met wette lei nie maar in die seëninge van God se verbond.

Daarteenoor: baasspeel- bekerings wil met goddelike kragte en magte soos Jesus wees: "Ons kan soos Jesus!" Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za
Ds. Petrus